Gereformeerde Kerk Vanderbijlpark Trinitas
Oggenddiens
27 September 2020

Matteus 4:1-11

God hou ons staande teen die versoekings van die Satan, die wêreld en onsself

Inleiding

- Wat lei jou om sonde te doen?
    - Wat lei jou om oor te gaan na daardie dade en denke wat maak dat jy die wet van God oortree?
- Daar is baie plekke waarheen ons die vinger kan wys.
    - As ons na die gebeure in Genesis 3 kyk, sien ons hoe die vinger gewys word.
        - Adam blameer vir Eva en hy blameer vir God, want dit is Hy wat Eva vir Adam gegee het.
        - Eva blameer die slang.
            - Adam en Eva probeer hulleself verontskuldig deur te wys dat hulle eintlik maar net onskuldige slagoffers is in hierdie reeks gebeure.
- En so sien ons die gevolge van die sondeval.
    - Ons kruip weg – nie net vir God nie maar, ook vir die realiteit van ons eie sonde.
        - Maar wanneer Jesus ons leer om te bid, word ons ook met ons eie sondigheid gekonfronteer.
    - Ons bid laat ons nie in versoeking kom nie, maar verlos ons van die bose.
        - Hierin erken ons dat die sonde ‘n invloed op elke aspek van ons lewens het en daarom pleit ons dat God ons ondanks hierdie omstandighede staande sal hou.
- Vanoggend word ons dan verseker God alleen hou ons staande teen die versoekings van die Satan, die wêreld en onsself.
    - God hou ons staande in tye van versoeking.
    - God belowe aan ons die volkome oorwinning.
    - Stry biddend teen die versoekings op aarde.

God alleen hou ons staande in tye van versoeking

- In Matteus 4 lees ons van die bekende gedeelte waar Jesus deur die duiwel versoek word.

    - In die gedeelte net voor dit, lees ons waar Jesus deur Johannes die Doper gedoop word.
        - Na die doop het die hemel oopgegaan en die Gees van God het neergedaal op Jesus soos ‘n duif.
        - Vanuit die hemel het ‘n stem uitgeroep: *Dit is my geliefde Seun. Oor Hom verheug Ek My.*
- In die laaste verse van hoofstuk 3 word die wonderlike openbaring gegee dat Jesus werklik die Seun van God is.
    - Hy is nie ‘n gewone mens nie.
    - Dit is Hy wat gekom het om die beloftes van God te vervul en die uitverkorenes te verlos.
- En dan die volgende vers in die volgende hoofstuk begin die versoeking van Jesus.
    - Dit gaan net nie oor wat die Satan doen in hierdie 11 verse nie.
        - In vers 1 lees ons dat die Gees, wat in die vorige gedeelte op Jesus neergekom het, Jesus nou in die woestyn inlei.
            - Die Gees lei Jesus in die woestyn in met die doel om deur die duiwel versoek te word.
            - Jesus eindig nie per ongeluk op in die woestyn nie.
                - Dit is nie toeval dat die duiwel ook daar is met die doel om Jesus te versoek nie.
    - Maar Jesus word ook verder voorberei vir die versoeking van die Satan wat op Hom wag.
        - Vir 40 dae het Jesus niks geëet nie en naderhand het Hy honger geword.
- Waar ons in hoofstuk 3 sien hoe duidelik Jesus ware God is, word Jesus as ware mens hier in die hoofstuk vir ons uitgelig.
    - Enige mens sal na 40 dae begin honger word.
        - En as ons eerlik is met mekaar gebeur dit lank voor die tyd.
    - Die menslike liggaam is nie aanmekaar gesit om sonder kos te oorleef nie.
        - Tussen 35 en 40 dae sonder kos begin dit al gevaarlik raak en erge simptome van honger tree na vore.
            - Dit sluit in duisligheid, lae bloeddruk, lae bloedsuiker, swakheid, moegheid, en nog vele ander in.
    - Dit is dus nie vreemd dat Jesus honger geword het nie.
        - Hy was immers ‘n ware mens.
            - Sy liggaam het gefunksioneer net soos myne en joune.
- En in hierdie tyd van fisiese swakheid tree die duiwel na vore met die doel om Jesus te versoek.
    - Daarom is dit ook nie vreemd dat Matteus hom hier spesifiek die versoeker noem nie.

        - Hy word genoem volgens wat hy doen.
        - Die duiwel versoek.
            - Die duiwel tree na vore en spreek al Jesus se menslike behoeftes aan.
                - Kos
                - Lewe
                - Status
- En elke keer het Jesus hierdie versoekings teëgestaan.
    - Hy het nie geswig nie.
        - Hy het staande gebly.
        - Hy het nie net staande gebly nie, maar selfs ook die duiwel tereggewys vanuit die Skrif.
    - In hoofstuk 3 noem God self vir Jesus sy geliefde Seun, maar in elke versoeking in Matteus 4 versoek die duiwel met hierdie spesifieke woorde.
        - Dit wat God sê, hoef nie bewys te word nie.
            - Maar in al hierdie versoekings het die Gees Jesus nooit verlaat nie.
            - God se genade word hier sigbaar in die feit dat Jesus kan staande bly in hierdie versoekings.
- As ons egter teruggaan na vers 1 toe, is dit nie dan regverdig om te vra of God self vir Jesus in die versoeking gelei het nie?
    - Die Gees het vir Jesus in die woestyn ingelei.
        - Die Gees van God – dit was nie een of ander bose gees nie, maar die Heilige Gees wat waarlik God is en saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik word.
- Maar Jakobus 1:13 maak dit duidelik dat God nooit self versoek nie.
    - God is nie die wortel agter Christus se versoeking nie.
        - Wat God wel doen is beproef.
- Hier moet ons egter ‘n duidelike onderskeid tref tussen versoek en beproef.
    - Versoeking is ‘n werking van die satan om die mens tot ‘n val te bring, waar beproewing ‘n instrument is in die hand van God om die mens staande te hou en te onderrig.
        - Dieselfde situasie kan gebruik word om te versoek en om te beproef.
    - En dit is juis wat ons sien in Matteus 4.
        - Dit wat die Satan gebruik om te versoek, gebruik God om te beproef.
            - Maar God beskerm ons ook teen die versoekings van die duiwel.
- Die hoofdoel van versoeking is om iemand tot sonde te lei of te stuur en dit sal God nooit doen nie.

    - Maar God laat wel toe dat die Satan die mens versoek.
        - God self bepaal tot watter mate die duiwel kan versoek soos wat vir ons duidelik word in Job 1:12.
    - Wanneer God ons egter beproef is sy doel om ons nader aan Hom te trek deur ons vertroue volkome op God te stel.
- Wanneer ons dan bid dat ons nie in versoeking moet kom nie, dan pleit ons dat God nie sal toelaat dat Satan ons sal oorwin nie.
    - Daarom is hierdie bede ‘n versekering dat God aan ons die belofte gee van volkome oorwinning.

<u>God belowe aan ons die volkome oorwinning</u>

- Die realiteit van die sonde is die feit dat ons nie altyd gaan staande bly teen versoeking nie, maar Jesus Christus het ook namens ons die versoekings van die wêreld weerstaan.
    - Hy is deur die duiwel versoek in Matteus 4 en ook in Johannes 6 deur die mensdom sodat Hy moet afsien van sy taak as Messias.
- As die duiwel daarin geslaag het om Christus te versoek, sou dit beteken dat Christus sonde gedoen het.
    - As Christus sonde doen kan Hy nie meer die sondes van die mens op Hom neem nie, want dan is Hy nie meer sondeloos nie.
        - Daarom getuig Christus se versoekings in Matteus 4 reeds van sy oorwinning oor die duiwel.
            - Die duiwel kan selfs wanneer Christus kwesbaar is van die honger, Hom nie laat afsien van sy taak as die Messias nie.
- Saam met die versoekings bid ons egter ook dat God ons sal verlos van die bose.
    - In die vorige bede het ons gevra dat ons vergewe sal word.
        - Maar hier erken ons dat die sonde nie net iets is wat ons doen nie, maar ook ‘n mag is waarteen ons daagliks stry op aarde.
    - Daarom bid ons ook dat God ons sal bewaar en sal beskerm teen die sondemag in hierdie lewe.
        - Ons pleit dat daar nie iets na vore sal kom wat skeiding kan maak tussen ons en God nie.
- In ons belydenis erken ons drie doodsvyande.
    - Die duiwel, die wêreld en ons eie sondige natuur.
        - Hierdie vyande word doodsvyande genoem omdat hulle net die dood in die oog het vir die mens.
            - Die fisiese dood, die geestelike dood en die ewige dood.
        - Maar die benaming doodsvyand beklemtoon ook vir ons hoe gevaarlik hierdie vyande is.

                - Dit is nie iets wat ligtelik opgeneem kan word nie.
                - Ons moet hierin die daadwerklike gevaar van die versoeking ook raaksien.
        - Die duiwel word deurlopend as die versoeker beskryf.
            - In 1 Petrus 5:8 word hy die brullende leeu genoem.
                - So sien ons dat die duiwel soms met brute geweld na vore kom in tye van versoeking.
                    - Hy word ook as die slang beskryf in sy listige optrede om die mens om elke hoek en draai weg te dryf van God af.
- In Matteus 4 lyk dit of die Satan Christus se belange op die hart dra.
    - Almal moet tog eet.
        - So word ons dikwels versoek deur dinge wat vir ons belangrik is of ‘n belangrike rol in ons lewens speel.
        - So kan jou beroep, jou huwelik, jou vriende, jou stokperdjie alles versoekings wees wat die Satan gebruik.
            - En dikwels sluit hierdie versoekings aan by die wêreld.
    - Ongelukkig is ons gereeld ons eie grootste vyande.
        - Ons versoek selfs onsself.
            - Ons kan nooit so hoogmoedig word dat ons dink ons kan self staande bly teen die versoekings van die sonde nie.
- Simson het gedink hy sal staande bly, maar Delila het hom tot ‘n val gebring.
- Maar ons het deel aan die oorwinning van Christus omdat Hy al die versoekings weerstaan het in sy tyd op aarde.
    - Die satan het nie oorwin in Matt. 4 nie.
        - In Matt. 27:42 is Jesus versoek om van die kruis af te kom en selfs in daardie versoeking het Christus nie geswig nie.
        - Hy het staande gebly.
            - Hy het staande in tye van versoeking vir elkeen van ons die oorwinning behaal.
    - En danksy die geloof wat die Gees in ons bewerk kan ons deel in hierdie oorwinning.
- Dit beteken nie dat ons nie meer versoek gaan word nie, maar dat God deur sy Gees ten spyte van versoeking vir ons die krag sal gee om biddend staande te bly teen die aanslae van die versoekings.

<u>Stry biddend teen die versoekings op aarde</u>

- Ons word versoek.
    - Versoeking is ‘n realiteit.

        - Maar versoeking is nooit ‘n verskoning om te sondig nie.
- Tog kan ons maklik sê dat Christus God is, en daarom kon Hy staande bly teen die versoekings.
    - Maar ons moet besef dat dieselfde Gees wat in Christus gewerk het, ook in die hart van elke gelowige werk om aan ons die krag te gee om te stry.
- Die oorwinning is reeds deur Christus behaal.
    - Die oorwinning oor die Satan, oor die wêreld en in die hart van elke gelowige.
        - Ons is egter nog deurlopend in die stryd gewikkel.
            - Ons word nog daagliks deur die duiwel versoek.
            - Hy hou nie op om ons te probeer mislei en weg van God af te vat nie.
- Maar ons moet biddend stry teen hierdie versoekings.
    - Ons word deur die Woord en deur die Gees die krag gegee om hierdie stryd te stry.
        - As ek versoek word deur my fisiese behoeftes, moet ek erken dat God die een is wat die daaglikse brood gee.
    - Ons antwoord op elke versoeking moet wees om te vlug na God toe en weg van die sonde af.
        - Daardeur gaan hierdie gebed nie om my te bewaar primêr nie, maar om God te verheerlik selfs in tye wanneer my swakheid uitgewys word deur beproewing.

<u>Slot:</u>

- God lei ons nie in versoeking nie.
    - Hy verlos ons van versoeking en boosheid.
        - Christus is versoek om af te klim van die kruis af.
        - Hy het die reg gehad om af te klim aangesien Hy onskuldig was.
- Maar hy het die versoeking weerstaan, en al die pyn en leiding aan die kruis verduur en daardeur die fisiese dood, geestelike dood en ewige dood oorwin sodat ek en jy mag lewe.
    - Daarom is ons stryd teen versoeking nie ‘n stryd om lewe en dood nie, maar ‘n dankbaarheidsstryd tot eer van die Here.